

*Wals met Matilda* deur Dan Sleigh

*Die Burger en Beeld*, Augustus 2011

Ná sy twee magtige historiese romans, *Eilande* and *Afstande*, pak Dan Sleigh nou ‘n eietydse roman aan – en hy pak hom met mening aan. Hy pak ook ‘n boel ander instellings, mense en verskynsels: skrywers, uitgewers, koerante, die radio, die skole, politici: kortom, die hele Suid-Afrikaanse samelewing, met spesifieke verwysing na die vervlakking en verbastering van taalgebruik, meer spesifiek die verval van Afrikaans. Die boek is ‘n lofsang en ‘n elegie vir Afrikaans; dit is ook ‘n uitbundige, opruiende, onbeskofte verlustiging in die lewenskragtigheid van die bedreigde taal.

Die hoofkarakter, Koos van der Merwe (“Jy vat ‘n vet kans as jy ‘n karakter in ‘n boek die naam Koos van der Merwe gee,” sê ‘n karakter in hierdie selfbewuste roman), is ‘n ouerwordende skrywer wat sukkel met ‘n skrywersblok so groot soos Tafelberg. Sy uitgewers, Goeie Hoop Uitgewers, wat hom aanhou in ‘n see-uitsig woonstel in die hoop dat hy sal produseer, dreig om die woonstel van hom weg te neem as hy nie binnekort tekens van kreatiwiteit toon nie. Om hom uit sy inersie te skok, stuur hulle vir hom ene Carelina van der Merwe, oud-onderwyseres, taal-puris en -fanatikus. “Taal, gesproke, gesing en geskrewe,” sê sy, “is my kuns en my verhoog én die huis waarin ek woon.” Soos Koos by homself dink, “Dis die stof van Jeanne d’ Arc, van kruisvaarders en martelaars, só gebore, soms ‘n instrument van die noodlot, soms ‘n fanatikus.”

Geleidelik, dan, onder Carelina se invloed, kom die blok los, en stadig ontvou die verhaalbinne-die-verhaal: Koos van der Merwe se historiese roman oor die jong Japie van der Merwe, wat teen die einde van die negentiende eeu na Australië gaan om te leer van skaapboerdery – en op heel geloofwaardige wyse die held word van die Australiese volksliedjie “Waltzing Matilda”. Geleidelik, ook, onthul Koos sy eie geheime verdriet: die dood van sy dogter, skoonseun en kleindogter, Matilda, in ‘n ongeluk waarvoor hy homself verantwoordelik hou.

*Wals met Matilda* lees heerlik: nie net vir die “storie” nie, boeiend soos dit is, maar ook vir al die insigte en opmerkings wat die verbitterde Koos en die verbete Karelina kwytraak. “Een spesie wat myns insiens maar kan uitsterf,” sê Koos, nogal by die Woordfees, “is

literêre kritici en resensente. [...] Wat is julle nut en bestaansreg eintlik? [...] Parasiete, met ander woorde, wat op ander se werk teer.” Dankie, Koos.

Nie dat Koos veel deernis het met sy mede-arbeiders nie. Saam met hom in die woonstelblok wei Goeie Hoop Uitgewers se ander kontant-koeie: “Hulle is ware skrywers, in die letterkunde ontvang, gebore, gedoop, geënt, gekatkiseer, geskool, gegradueer, gepromoveer, gepensioneer, hulle gee onderhoude, lees internasionale letterkundige tydskrifte. Skryf resensies van ander se werk, kyk in koerante wie se boeke verkoop, gaan na mekaar se boekbekendstellings en woon die jaarlikse Woordfees by.” Niemand sou kon sê Koos is lelik oor sy mede-skrywers nie; maar iets in daardie beskrywing klink na satire.

En dan Carelina: hier het sy dit oor die agteruitgang van die radio, vermoedelik ons eie RSG: “Mense wat nie van gevoeligheid vir taal weet nie, word losgelaat op ‘n medium wat uit taal bestaan. Enigeen mag in die orkes speel, en uit erbarming nooi jy ook die dronke van die straat om in jou koor te sing. [...] Sy het grootgeword in die sekerheid dat skollies só praat in vuil agterbuurte waar nie skole is nie; dit is nie haar geselskap nie.”

Carelina is ‘n lewendige skepping, wat haarself met krag, oortuiging en oorspronklikheid uitdruk. Sy is ‘n plesier om op die bladsy te beleef; of ‘n mens haar graag in lewende lywe sou wou raakloop, is ‘n ander vraag. (Nou ja, Jeanne d’Arc was ook seker niemand se idee van sports nie, om van die kruisvaarders nie te praat nie.) “Klink ek middeljarig, wit en pedanties?” wil sy weet. Wel, ja, soms, Carelina.

Maar hierdie net tersyde; hoofsaak is dat *Wals met Matilda* ‘n meesterlike roman is, geskryf in ‘n Afrikaans wat tintel en vonkel, bruis en brul. Inderdaad, die boek ondergrawe eintlik sy eie tesis; want bloot die feit dat ‘n roman soos hierdie nog geskryf, gedruk en bekroon kan word, beteken tog seker dat ons nog nie die laaste Afrikaanse roman belewe het nie. Trouens, as ons wou twyfel oor Afrikaans se lewenskragtigheid, sou hierdie boek ons weer moed kon gee. Miskien is beide Koos van der Merwe se skrywersblok en die ondergang van Afrikaans hiermee ten minste tydelik opgehef; met so ‘n lyksrede raak die begrafnis ‘n bruilof.